# MPUMALANGA DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 2**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**SEPTEMBER 2009**

**TYD: 2 UUR** **PUNTE: 80**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: Opstel (40 punte)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste (20 punte)
   AFDELING C: Korter tekste (20 punte)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf die nommer en die onderwerp wat jy kies, duidelik bo-aan.

4. Skryf duidelik en leesbaar.

5. Gee spesiale aandag aan spelling, taal en sinskonstruksie.

6. By elke onderwerp moet duidelike beplanning gedoen word. Dui die finale produk duidelik aan.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van ongeveer 200 – 250 woorde oor EEN van die onderwerpe.
- Skryf jou beplanning neer en dui die finale produk aan.

### 1.1 HIERSONDER SAL MY LEWE NIE DIE MOEITE WERD WEES NIE

Dink aan een ding (nie 'n mens nie) wat baie belangrik in jou lewe is, skryf 'n opstel met die volgende titel daaroor:

*Hiersonder sal my lewe nie die moeite werd wees nie.* (40)

### 1.2 HY WAS ALTYD ANDERS

Hy/sy was altyd anders as die res van ons. (40)

### 1.3 MY GUNSTELINGPLEK

Elke jaar word 'n dorp in Suid-Afrika aangewys as die gewildste dorp in Suid-Afrika. Knysna, 'n gewilde kusdorp het byvoorbeeld twee jaar na mekaar hierdie titel verower. **Beskryf** enige plek wat jy goed ken of waar jy was wat vir jou besondere betekenis het en waarheen jy graag gaan. Dit kan selfs die plek wees waar jy woon. Sê waarom dit jou gunstelingplek is. (40)

### 1.4 DIE SPEELGOED EN SPEELMAATS VAN MY KLEINKINDERDAE

Skryf 'n opstel oor bostaande onderwerp.

- **Vertel** wie jou speelmaats was en waarmee jy gespeel het.
- **Beskryf** hoe jou maats en speelgoed gelyk het.
- Sê hoekom jy dit alles so goed onthou. (40)

### 1.5 EK WIL NOG LEWE

Skryf 'n **verhaal** wat so begin:

Dit was 'n doodgewone Saterdagmiddag in die laatsomer, maar daardie dag het iets gebeur wat 'n onvergeetlike indruk op my gemaak het. Ek sal die oomblik toe die kaper sy rewolwer by die verkeersligte op ons gerig het, nooit vergeet nie. Op daardie oomblik het daar net een gedagte deur my kop geflits: Ek wil nog lewe! (40)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### VRAAG 2

Kies **EEN** skryfstuk uit die volgende onderwerpe. Die lengte van jou skryfstuk moet **80 - 100 woorde** wees.

### 2.1 DAGBOEKINSKRYWING

Soms voel 'n mens dat daar net te veel spanning in jou lewe is en jy jou hare uit jou kop kan trek. Aan die einde van een van hierdie moeilike dae skryf jy jou gedagtes en gevoelens in jou dagboek neer. Skryf hierdie **dagboekinskrywing**. (20)

### 2.2 BERIG

'n Leerder in jou skool het onlangs 'n groot prestasie op sport- of kulturele gebied behaal. Jy het namens die skoolkoerant met die persoon gaan gesels om meer oor sy of haar agtergrond en die gebied waarop hy of sy uitblink, uit te vind. Skryf 'n **berig** vir die skoolkoerant met die titel "Die mens agter die prestasie". (Jy kan die berig soos 'n onderhoud skryf.) (20)

### 2.3 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

'n Goeie vriend(in) is onlangs gekies om Suid-Afrika by 'n sportgeleentheid oorsee te verteenwoordig. Hy/Sy het egter 'n sportbesering opgedoen en is in die hospitaal om 'n operasie te ondergaan. Skryf 'n **brief** aan jou maat om hom/haar moed in te praat en op te beur. (20)

### 2.4 DIALOOG

Jou beste vriend(in) kom baie ontsteld by jou huis aan. Wanneer jy uitvra wat verkeerd is, hoor jy dat sy/haar meisie/kêrel pas hul verhouding verbreek het. Natuurlik wil jy meer hoor oor wat gebeur het en jy stel spesifieke vrae. Skryf julle gesprek in **dialoogvorm** neer. (20)

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TEKSTE

### VRAAG 3

Voer **EEN** van die opdragte in Afdeling C uit. Sorg dat die skryfstuk sy **doel** bereik. Die lengte van jou skryfstuk moet **60 - 80 woorde** wees.

### 3.1 PAMFLET

Ontwerp 'n **pamflet** wat aan volgende jaar se Graad 8-leerders gegee kan word oor watter skoolvakke hulle kan doen, watter kultuur- en sportaktiwiteite deur die skool aangebied word, en enige ander inligting wat nuttig vir hulle sal wees. (20)

### 3.2 PLAKKAAT

Elke jaar op 23 April vier ons Wêreldboekedag. Daardie dag vind daar talle byeenkomste regdeur Suid-Afrika plaas om die belangrikheid van boeke en lees by mense tuis te bring. Die leerders by julle skool is ook gevra om plakkate te maak waarop julle moet uitbeeld hoe belangrik dit is dat 'n mens moet lees. Ontwerp so 'n **plakkaat**. (20)

### 3.3 BETERSKAPKAARTJIE

Jou ouma of oupa is in die hospitaal en jy wil vir haar of hom 'n **kaartjie** maak.

Skryf 'n mooi, opbeurende boodskap vir jou kaartjie wat jou ouma of oupa sal laat beter voel. (20)

### 3.4 BOODSKAP

Jy is alleen by die huis en moet onverwags die aand uitgaan. Jy kan jou ma nie op haar selfoon in die hande kry nie en laat 'n boodskap op die foon, maar besluit om ook vir haar 'n mooi boodskap in die huis te laat op 'n plek waar sy dit sal sien. Omdat sy so baie vir jou doen, voel jy jy wil iets spesiaals in die boodskap skryf.

Skryf die **boodskap**. (20)

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**